Sing vooraf: Psalm 19: 4

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 103: 2

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet antwoord ons die Here met Psalm 25:3, 5.

Wet

Psalm 25:3, 5

Gebed

Psalm/Skrifberyming

Skriflesing: Galasiërs 4 en Romeine 1

Teks: Galasiërs 4:19

my kinders, vir wie ek weer in barensnood is totdat Christus in julle 'n gestalte verkry. (Galasiërs 4:19 AFR1953)

Wanneer iemand in kraam is, word daar 'n baba gebore. Hierdie kind moet na iemand lyk. Elke kind het tog trekke van sy pa en van sy ma. Sy geaardheid gaan ook bepaal word deur die ouers uit wie hy stam.

Dit is presies waaroor dit gaan in die gedeelte wat ons saam gelees het. Die Kerk van die Here is in 'n gebore-word-proses.

- Paulus skryf vir 'n hele paar kerke in die provinsie Galasië dat hy geboortepyne het oor hulle, en dat hy hoop as hulle klaar gebore is, hulle soos die Here Jesus sal lyk.

U sou kon wonder waarom hy so iets skryf. Is 'n kerk dan nie klaar gebore wanneer die kerk gestig is en daar 'n predikant en ouderlinge en diakens is wat die lidmate bedien nie?

- Die Kerk van die Here is eers ten volle kerk in die hiernamaals wanneer die Here almal wat Hy uitverkies het, in heerlikheid opgeneem het met liggaam en siel.
- Die Kerk van die Here is eers ten volle kerk in die hiernamaals wanneer ons op die nuwe aarde in sy koninkryk bymekaar is. Tot dan is die kerk in 'n sekere sin in 'n geboorteproses.

Hierdie geboorteproses veroorsaak baie pyn. Nie net vir die wat die gemeente moet bedien en opbou nie, maar veral ook vir die kerk self.

- Dit is presies wat hierdie klomp kerke in Galasië oorgekom het.
- Die kerke daar het tot stand gekom toe Paulus as gevolg van die een of ander siektetoestand by hulle uitgekom het.
- Die Bybel vertel glad nie wanneer of hoe dit gebeur het nie. Ons lees net in hierdie gedeelte dat die mense op een stadium gedink het dat Paulus Jesus Christus was. Hy moes hulle toe reghelp.

Met al hierdie inligting openbaar die Here dat hierdie groep kerke in liefdevolle harmonie met mekaar en met die Here Jesus Christus was.

- Toe kry die sonde staanplek in die kerke.
- Meteens was daar spanning en rusie en kerklike verdeeldheid onder hulle.
- Haat was aan die orde van die dag.

Dit was so erg dat hierdie dinge die apostels en die kerke wat nog gesond was, sou "buitesluit".

- Dit beteken dat kerkskeuring besig was om tot stand te kom.
- Die Here is duidelik daaroor dat hierdie kerke wat hulle afskei, uitgesluit word uit die Here se teenwoordigheid.
- Daardie sogenaamde kerke gaan dus verlore!

Die geestelike en ligaamlike geweld wat oor hierdie kerke gekom het, was die strawwende hand van die Here wat hulle tot besinning wou bring.

- Hulle moes in die pyn wat hulle deurgemaak het, agterkom dat die Here ontevrede is met hulle.
- Hulle moes iets daaraan doen. Hulle moes hulle voor God verootmoedig en hulle verhouding met God weer nuut maak.

Waarom is dit nodig dat ons in hierdie erediens aandag gee daaraan dat ons almal ons voor God moet verootmoedig en vernuut word in die Here Jesus Christus?

- Ons bly in een van die geweldadigste en sedeloosste lande in die wêreld.
- Die rowery en skietery gaan ook nie meer by ons verby nie. Van ons lidmate is in die afgelope tyd al gekaap en aangerand en beroof.
- Ons het almal al by onsself gewonder: “Wanneer is ek aan die beurt?”

Hierdie geweld en sedeloosheid wat om ons hang het nie net ’n beproewende element in hom nie.

- Daar is ook ’n groot deel straf in die saak.
- Ons moenie maak asof dit ander volke is wat so sleg is, en asof dit mislukte politieke pogings is wat hulleself op ons wreek nie.

Ons hoef nie te wonder waaroor die straf van die Here gaan nie.

- Dit gaan daaroor dat ons – in die geheel gesien – nie meer ’n gelowige mensdom is nie.
- Ons dien nie meer die Here nie. Waarom moet ons dan aanspraak maak op sy beskerming en liefde?

Ons moet ook nie die fout hiervoor net voor die Hindoes en Moslems en watter ander gelowe daar almal is, gaan lê nie. Ons moet dit voor ons eie deur ook lê.

- Ons gemeente is ’n gemeente wat baie halfhartige lidmate duld – lidmate wat met flou verskonings nie altyd die Here van harte aanbid nie.
- Ons – en alle kerke – moet ons verootmoedig en tot bekering kom. Dan sal die Here die geweld en sedeloosheid waarmee Hy ons straf van ons wegneem.

Dit is uiters belangrik dat ons baie deeglik besin waarvan ons ons moet bekeer.

- Ons moet nie as ons ons verootmoedig in die eerste plek dink dat die strawwende hand van die Here oor ons is oor verkeerde politiek van die verlede nie.
- Die hele Bybel leer ons dat die Here ons net straf wanneer ons teenoor Hom oortree.

Daarom gee ons in hierdie preek glad nie aandag aan enige moontlike politieke oorwegings van ons eie of iemand anders om die foute daar te soek nie.

- Ons gaan daarom ook nie kyk of daar foute in ons volkereverhoudings is nie.
- Ons gaan net hand in eie boesem steek en kyk na ons eie gemeente se verhouding met die Here.

Wanneer het hierdie soort van geweld en die daarmee gepaardgaande sedeloosheid in die Bybel voorgekom?

- Dit het elke keer voorgekom wanneer gelowiges van die Here af verdwaal het.
- Die Here het Israel ’n hele paar keer in ’n oorlog deur ander volke laat vernietig wanneer hulle godsdiens verflou het.
    - Dit was die soort van liggaamlike geweld waaraan ons ook nou uitgelewer is, met die gepaardgaande psigiese spanning wat daaruit voortvloei.
    - Die maklikste twee voorbeelde om te noem is die Assiriërs wat Israel kom verslaan en in ballingskap weggevoer het, en toe weer Juda wat deur die Babiloniërs aangeval en weggevoer is.

In al twee die gevalle motiveer die Here hierdie geweld en moord met die feit dat die gelowiges agter

ander gode aangedrentel het en hulle eie sedes laat verwater het.

- ***Die Here is oor een saak heeltemal onverbiddelik: Hy vra ons volle aanbidding net vir Hom alleen.***

Kom ons kyk wat gaan in ons gemeente aan. Daar is baie van ons wat dink dat ons gemeente baie voortreflik is. Ons dink ons standaard van aanbidding is op die kerf. Is dit werklik so?

Kom ons besin vandag net oor een enkele ding wat ons doen en die beginsel wat daarmee saamhang – ons kerkbesoek.

- Die beginsel is dat die Here ons almal geroep het tot die geloof. Hy het vir ons gaan sterf.
- Om dit te doen, het Hy Homself vrywillig onderwerp aan die soort geweld wat ons in ons tyd weer ervaar:
    - Hy is gemartel.
    - Hy is bespotlik gemaak.
    - Hy het baie pyn deurgemaak toe Hy aan die kruisbalke vasgeslaan is.

Dink net hoe geweldig die pyn was toe hierdie kruis regop getel en in die gat ingesit is wat daarvoor gegrawe is en toe dit daarna vasgestamp is dat dit moet regop staan.

- Besef u hoe verskriklik geweldig Jesus se dood was, want Hy moes in daardie oomblikke ons almal se sondestraf “vat” – Hy moes die pyn daarvoor en die woede van God daaroor verduur.
- Geen wonder dat die Bybel sê dat Jesus ter wille van ons ’n vloek gemaak is nie.

Dink u nou – teen hierdie agtergrond – dat die Here ons sal verskoon as ons aanbidding flouerig aankarring?

- Die feit is dat Hy ons verlos en nuutgemaak het.
- Almal wat nie hierdie verandering vertoon nie, is mense wat nie verander is nie.
- Of hulle is mense wat baie vinnig tot bekering moet kom, anders gaan hulle verlore.

Iemand wat die Here nie aanbid nie, kan hoegenaamd nie daarop aanspraak maak dat hy of sy deel het aan die ewige lewe nie.

- Juis deur die openbaring van die Here, soos met die twee ballingskappe en ook die brief aan Laodisea (Openbaring 3:16), weet ons dat mense wat halfhartig in hulle godsdiens is, nie die binnekant van die hemel sal sien nie.

As ons hierdie dinge as maatstaf gebruik, en niks verander in ons gemeente nie, sal ’n baie groot gedeelte van hierdie gemeente nie in die hiernamaals by die Here in sy koninkryk wees nie.

- Daarom ervaar ons nou al die strawwende hand van die Here in die geweld rondom ons.
- Daar moet ’n boodskap van die Here af na ons toe deurkom dat ons ons moet bekeer, anders is dit die soort van lewe waaraan ons gaan deel hê na ons dood – ’n lewe van haat en geweld.

Kom ons toets of die Here ons behoort te straf. As ons gemeente ’n spieëlbeeld moet wees van wat in ons land aangaan, is die prentjie baie beroerd. Uit die konsistorieboek waarin die diakens ons kerkbesoek aanteken, is enkele Sondae se kerkbesoek uitgetrek.

Daarvolgens lyk hierdie kerk se aanbidding met die Here soos volg:

Februarie se oggendkerkbesoek: 48%

Februarie se aandkerkbesoek: 29%

Ouderlinge se kerkbesoek: 75%

Diakens se kerkbesoek: 45%

Nagmaalsondag: 64%

- U let dus op, broeders en susters, dat met die erediens wat die beste deur ons bygewoon is, ongeveer 214 belydende lidmate nog steeds afwesig was.

- By die diens wat die swakste bygewoon is, was 294 van ons lidmate nie teenwoordig nie.
- Die kerkbesoeke wat vir hierdie statistiek in aanmerking geneem is, was nie een tydens ’n skoolvakansie nie. Dit was in tye wat ons veronderstel was om in die geleentheid te wees om God te kon kom aanbid.

Daar is natuurlik die onder ons wat redeneer dat ons die Here by die huis dien en dat ons ons daar ons Bybel lees.

- Dit is ’n baie leë argument, want die Here het die eredienste ingestel, en Hy het altyd gesê dat Hy eis dat die gelowiges na die tempel of kerkgebou toe moet gaan vir gesamentlike aanbidding.
    - Simeon en Anna het daagliks gegaan.
    - Die Here en sy dissipels het elke Sondag in die tempel aanbid saam met die ander gelowiges.

Nou sit ons hier en ons smeek die Here met ’n erediens vir genade, want ons verootmoedig ons.

- Daar is twee dinge waarop u in stilte voor die Here sal moet antwoord voordat die Here iets sal doen.
- Die een is: Dink u ons optrede regverdig God se genade?

As u by die deur uitstap, wat gaan u doen in verband met u persoonlike aanbidding van God in die eredienste – met ander woorde hoe gaan u die pad met die Here vorentoe loop?

- Hierdie brief wat die Here aan die Galasiërs geskryf het, was om hulle tot bekering te bring.
- Die Here wou die verhouding tussen Hom en hierdie kerke weer herstel.
- Die herstelproses was (en is) baie eenvoudig: kom tot bekering en dien God op die regte manier.

In vers 16 waarsku die Here geweldig skerp dat ons nie moet waag om teen Hom in verset te kom nie.

- Hy wil weet of ons sy vyand geword het omdat Hy die waarheid vertel het.
- As ons vyande van die waarheid geword het – op watter manier ookal – beteken dit doodgewoon dat ons in die lewe hierna nie die teenwoordigheid van God deel nie.

Hoe lyk die lewe waar God nie is nie?

- Dit is ’n lewe van angs en pyn.
- Dit is ’n lewe van geweld en verwyt.
- Die Bybel noem dit die hel.

Daarom beskik die Here geweld en moord en alle soorte kriminele dinge oor ons soos wat ons nou belewe. Hy doen dit nie net om ons geloof te beproef nie. Hy doen dit sodat ons die beginsels van sy straf aan ons liggame kan voel.

Waarom doen die Here dit?

- Sodat ons tot bekering kan kom.
- Nie in die eerste plek sodat mense van verskillende velkleure en tale en agtergrond mekaar moet verdra nie – in die eerste plek sodat ons God in sy toorn kan leer ken, sodat ons almal die vrede van versoening met God wil soek.
- Alleen wanneer ons in ons aanbidding tot die Here tot bekering gekom het, sal ons vrede hê. Daaroor is die Here duidelik.

Dit sal nie help dat ons hier ’n grootskaalse of landswye bekering beplan om die Here daarmee tot versoening en vergifnis te beweeg nie.

- Hy sal sy vrede gee as elkeen van ons tot bekering kom.
- Hy wil hê dat ons wat lidmate van sy kerk is, dit moet wees, en nie voorgee dat ons dit is maar inderdaad nie ware aanbidders is nie.

Kom ons gaan terug na die begin van die preek toe.

- Ons het gelees dat ’n klomp kerke in pyn en verwyte verval het omdat hulle verhouding met die

Here verbreek geraak het.
- Toe het die Here die beeld gebruik van geboortepyne wat besig is om voor te kom omdat ’n kerk gebore moet word wat die beeld van Jesus Christus dra.

Hierdie geweld waarin ons vasgevang is, is ook geboortepyne van ons kerke wat in hierdie tyd lewe.
- Hierdie pyne is juis daar omdat nie almal van ons die beeld dra wat ons moet nie. As ons wil hê dat die Here moet vrede gee, sal ons moet verander.
- Ons moet verander, totdat die kerk wat uiteindelik voor God staan, sy liggaam is en sy heerlikheid dra.
- As ons nie eers kan kom aanbid nie, het ons gemeente (nog) nie die beeld van die Here nie.

Hoe lyk die beeld van Jesus wat ons moet dra?
- Die eerste beeld is die dat Jesus altyd en sonder ophou God die Vader aanbid en gehoorsaam het. Dit is waar ons ook moet begin.
- Geen mensdom wat oor die Here praat, maar nie vir Hom lewe nie, kan aanspraak maak op sy seën nie.

Daarna sal die beeld van die Here, naamlik ware geregtigheid en heiligheid, deur ’n bekeringslewe in ons vestig.
- As ons voortdurend ’n bekeringslewe leef, sal dinge soos die liefde van die Here later spontaan ’n deel word van ons lewenstyl.
- Opregtheid sal nie meer so ’n vreemde verskynsel wees nie.
- Nagaandigheid en onverdraagsaamheid – soos wat kort-kort in ons gemeente kop uitsteek – sal mettertyd verdwyn.

Dan eers sal ons in staat wees om die mense rondom ons te leer om soos ons te wees en in die vrede van God te lewe.

Mag die kind wat uit al die moord en doodslag op ons strate gebore word, ’n kerk vol gelowiges wees wat werklik die beeld van die Here Jesus Christus dra – ’n kerk wat die waarheid liefhet, en wat elke geleentheid opsoek om God van harte te aanbid.

Die Bybel leer ons dat hierdie straatgeweld een van die tekens van die eindtyd is.
- Ons moet net onthou dat die Bybel leer dat hierdie geweld nader aan die einde van die tyd ook in die kerke self inspoel.
- Is u so lief vir God die Here dat u selfs in die kerk (en inderdaad deur die valse kerk van die eindtyd) doodgemartel kan word sonder dat u u geloof sal verloor?
- Die Here openbaar dat dit die patroon van die laaste stukkie tyd sal wees.

Ons moet van verootmoediging ’n ernstige saak maak, sodat dit wat uit ons uitgroei, of gebore word, die ware beeld van Christus is. Word bekeer tot werklike kinders van God wat weet wat dit is om kerk te wees – ’n kerk wat sonder flou verskonings die Here voluit aanbid.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 32:1

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville

Datum: 1 April 2007 (oggend)